

PREEKSKETS: JOHANNES 4:43–54

Deur sy Woord en Gees kom staan ons Here langs elkeen van ons en Hy sê vir ons hard en duidelik: *“As Ek iets sê, is dit waar. Ook bedoel Ek dit.... Glo jy dit?”* Johannes is DIE evangelis wat vir Jesus aan die woord sit. Hy bring ons by plekke, hy bring nog mense in kontak met Jesus, maar wanneer ’n mens die evangelie volgens Johannes lees, is dit asof hy net vir Jesus aan die woord wil kry.

In hierdie gedeelte bring die evangelis, Johannes, ons weer by **“KANA IN GALILEA”** uit. Dis daar waar een van die binnekring manne van koning Herodes, vir Jesus vra om hom te help, want sy seuntjie is dodelik siek. As Jesus die man se geloof op die proef stel met die stelling: *“As julle nie tekens en wonders sien nie, glo julle eenvoudig nie.”*, verwag ’n mens byna dat die amptenaar maar net verleë gaan wegstap. So baie “gelowiges” sou hier om gedraai het. Veral mense wat net ’n “wonderwerk” soek wat hulle belange dien.

Hierdie “regeringsamptenaar” het egter geglo dat Jesus die *“Here”* is, dat Hy in beheer van die lewe en die dood is. Hierdie vaste geloof in Jesus sien ons ook duidelik as Jesus vir hom sê: *“Gaan, jou seun leef”*. Hy’t onmiddellik omgedraai en hom self na Kapernaum toe gehaas. As hy die volgende dag nog op pad is na Kapernaum, lees ons, toe kom sy “werksmense” hom tegemoet en vertel hom dat sy seun lewe. Johannes sluit hierdie verhaal af deur vir ons te skryf dat hierdie man en sy *“hele huisgesin”*, vrou, kinders, slawe en hulle kinders, *“tot geloof in Jesus gekom”* het.

LET OP: Toe hierdie amptenaar hom terug na Kapernaum toe gehaas het, het hy nog geen gesonde kind, enige wonderwerk, gesien nie. Al wat hy gehad het is Jesus se woorde: *“Gaan, jou seun leef”*. Anders as Thomas wat eers geglo het nadat hy die opgestaande Here gesien het, het hierdie amptenaar van harte geglo: **AS JESUS IETS SÊ, IS DIT DIE WAARHEID. GLO DIT!**

Die eerste lesers (±95 n.C.) het swaarkry, bloedige vervolging, bespottling en verwerping deur die samelewing geken. Baie het begin om in die geloof uit te sak omdat hulle nie vir Jesus gesien het nie. Die wêreld is so ’n groot trekpleister vir ons wat daarvan hou om dinge self te sien en te beleef. Dis vir ons so ’n groter waarheid as Jesus wat meer as 2 000 jaar terug gesê

het: *“Die tyd het aangebreek, en die koninkryk van God het naby gekom. Bekeer julle en glo die evangelie.”* (Markus 1:15)

Soms is dit vir ons so moeilik om kinderlik Jesus se belofte te glo: *“Dit verseker Ek julle: Wie luister na wat Ek sê, en in Hom glo wat My gestuur het, het die ewige lewe. Hy word nie veroordeel nie, maar het reeds uit die dood na die lewe oorgegaan.”* (Johannes 5:24)

Jesus is God wat hard en duidelik praat. En as Hy praat is dit die Waarheid. Glo dit!

VIR VERDERE OORDENKING IN ONTDEKGROEPE

1. Lees Mat. 22:16 (vgl. Markus 12:14; Lukas 20:21) en oordink die gedagte dat selfs Jesus se “vyande” gemerk het dat Hy die waarheid praat. Wat beteken dit vir ons vandag dat Jesus altyd die waarheid aan ons bedien?
2. In Joh. 1 lees ons: *“In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God, en die Woord was self God.”* Hierdie woorde verwys na Jesus. Watter ryke betekenis hou hierdie waarheid vir ons in?
3. Wat noem Jesus in Johannes 8:31-32 diegene wat sy woorde as waar aanvaar en daarna luister?
4. Hoekom, volgens Jesus in Joh. 8:45, hou so baie mense nie van Hom nie?
5. Bespreek die Hebreërskrywer se definisie van geloof in Heb. 11:1.